

Praat reg, praat met wysheid...

- Praat eerlik. Jy skuld ander mense altyd 'n stuk eerlikheid, veral as daar fout is in hulle lewe. Prediker 7:5 sê die eerlike woorde van 'n wyse is kosbaarder as die vleitaal van 'n dwaas. Nee, jy praat nie eerlik op ongeskikte maniere nie. Met sagmoedigheid wys jy ander tereg, as dit nodig is.
- Praat hartlangs. Leer by John Woolman (1720 - 1772). Hierdie kleremaker, wat ook gehelp het om slawerny af te skaf binne Amerikaanse Quaker-gemeenskappe, moes een keer met 'n klomp Indiane gaan gesels. Toe staan 'n plaaslike leier op en sit sy hand op Woolman se bors. "Ek wil voel waar sy woorde vandaan kom," sê hy. Na 'n ruk gee hy toe 'n teken dat die aanwesiges maar na Woolman kan luister. Sy woorde kom uit die hart. Vir die Here tel sulke tipe hartstaal 'n ewigheid meer as dooie lippetaal. Praat sulke woorde.
- Praat opbouend. Moenie mense afkraak en afbreek nie. Moenie ander slegsê of verneder nie. Bou hulle op deur jou bemoedigende woorde. Laat jou woorde altyd iets begeerliks wees omdat dit deurdrenk is met hoop en lewe. Laat dit soos die fynste silwer wees, soos wat Spreuke 10:20 sê.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID-19 het
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- *Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- *Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
- *Bid vir Basie Roux-hy het kanker- vir volle genesing
- *Bid vir Carina Haasbroek- vir volle genesing-sy het kanker

Spreuke 10:20-31

Afrikaans 1933-1953

Die tong van die regverdige is uitgesoekte silwer; die hart van die goddelose is min werd. Die lippe van die regverdige help baie mense reg; maar die dwase sterf deur gebrek aan verstand. Die se...

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vd week

